Eiland Spa: 015 386 8000 | eilandspa@atkv.org.za
www.eilandspa.co.za | www.facebook.com/ATKVOORDE

# ATKV-Eiland Spa

## Jeugtuiste

*Pret vir die jongklomp*







EILAND SPA

ATKV
Oorde





**Om ’n groep kinders op ’n skooltoer te neem, is nie vir sissies nie! Nou kan jy ophou kopkrap oor die volgende leierskamp of spanbou-wegbreek. ATKV-Eiland Spa se jeugtuiste bied ’n veilige omgewing waar die jongklomp na hartelus kan baljaar.**

Die jeugtuiste kan 88 persone akkommodeer en is perfek vir enige skool– of kerkgroep. Die tuiste bestaan uit twee vleuels met badkamers en kamers vir onderwysers of toesighouers. Dit bestaan verder uit ’n goed-toegeruste kombuis en ’n eet– of vergader-area met ’n braaiplek en opwasgeriewe aan die buitekant. Al die fasiliteite van die oord is tot beskikking van besoekers aan die jeugtuiste.

## Fasiliteite

Besoekers aan ATKV-Eiland Spa se jeugtuiste het ook toegang tot al die fasiliteite op die oord:

- Warmwater-mineraalbad
- Kouewaterswembad en plaspoel
- Waterwurm
- Gimnasium
- Mini-gholf
- Staproetes
- Fietsry
- Voëlverkenning
- Visvang
- Tennis
- Vlugbal



## Aktiwiteite



- Rekreasieaktiwiteite
- Sokkies
- Buitelug-filmvertoning
- Besoek aan die *Tsonga*-opelugmuseum: “Muti wa Vatsonga” binne die *Hans Merensky*-natuurreservaat
- Lewensvaardighede
- Perderitte



## Besienswaardighede

Behalwe vir al die aktiwiteite op die oord, is daar ook ’n groot verskeidenheid toeristeaantreklikhede in die omgewing, insluitend die reusekremetartboom, die predatore-park, die *Agatha*-krokodilplaas en die *Coach House*-nougatfabriek

**Bespreek sommer vandág nog ’n groepwegbreek by ATKV-Eiland Spa se jeugtuiste vir ’n onvergeetlike ervaring.**

